10 SEPTEMBER 2017

09:00 Erediens
Immanuel van Tonder
Die Vrug van die Wingerdstok Joh 15

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!
Lente-afsluiting: bak-en-brou

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)
Jeanri Bezuidenhout

19:00 Belydenisklas
Mentorskap (Grootgroep)

Baie dankie aan almal wat bygedra of deel gehad het om ons diensprojekuitreik na Ubuhle 'n groot sukses te maak.

17 SEPTEMBER 2017

09:00 Lentediens
Peet Crous

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

Geen Kleuterkerk a.g.v. Lente-tee

18:00 Lofprysings- en aanbiddingsdiens
(Snr kategese)
Fay van Eeden

Geen Belydenisklas a.g.v. retreat

Belydenisklas 16 September @Haporora (08:00 – 17:00): Onthou asseblief om jou inskrywingsvorm voor òf op 14 September aan die kerkkantoor terug te besorg.

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n

Lente-tee

volgende Sondag na die diens in Koinonia.
Al die dames in die gemeente sal gedurende die week 'n sms ontvang vir eetgoed vir die Lente-tee.
U meelewing word opreg waardeer.

Lynnwood Kersfees-aandmark

25 November 2017

Ons beplan 'n heerlike aandmark vir 25 November. Nie net gaan die gemeente en breër gemeenskap aan heerlike kos en drinkgoed kan smul nie, maar ook al hulle laaste kersfees-gunstelinge en versnaperinge vir die langpad kan koop. Indien jy of julle as gesin of kleingroep hierby wil betrokke raak ontmoet asseblief vir Armand Fourie na afloop van die oggenddiens in die kapel, of kontak vir Fay van Eeden 083 478 0854.

'Bou-'n-Baksteen'-projek

Het jy al jou eko-baksteen begin bou? Indien jy nog onseker is waaroor die projek gaan en hoe om 'n eko-baksteen te bou – loer gerus na dié video op ons webblad. Ons vra vriendelik dat almal hulle voltooide eko-bakstene **volgende Sondag** na die Lente-diens sal saambring. Meer inligting baksteen te maak. Meer inligting Fay van Eeden 083 478 0854. **Bou wenk**: Los jou eko-baksteen en stok in die kombuis sodat jy sommer dadelik enige plastiek in jou eko-baksteen kan kompakteer.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Ondersteuningsdienste Bedieningvergadering** 18:00 (Kerkkantoor).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gemeentevroue Groep 4** 09:30. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Kioinonia) – Dalene Fourie en Trynie Boezaart.
Woensdag:	**Gasvryheids Bedieningvergadering** 17:00 (A21). **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Koos Terblanche, Oxfordsteeg 4, Lynnwood Manor, 082 886 0418 – herstel na operasie.
Anita van Zyl en gesin, Dannystraat 318, Lynnwoodpark, 082 742 3874 – Joe oorlede. Begrafnis is Maandag 14:00 in die kerk.

Ya Bana Village:

Die *Jumble Sale*-verkope verskuif vanaf die kerkterrein na Yabana self. Ons vra dus nog steeds vir donasies van tweedehandseklere en -huisware hiervoor.

Ya Bana
for the children

Ya Bana Kleuterskool:

Kos donasies word ook gevra vir die kleuterskool (mieliemeel/Mabella/Oatspap/rys/pasta, suiker, koffie en tee. Blikkieskos, langlewe-melk, en enige donasies in dié verband word opreg waardeer.
Kontak asb. vir Hilda Nortjé 082 900 8291.

Dankoffers:

Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za) of *SnapScan.*

Snap here to pay
SnapScan

Die Kontak van die week: Naammakers

Ferdinand Deist was in my oë 'n woordkunstenaar. Hy skryf oor Adam en Eva, dat sedert hulle die lewe kwytgeraak het, soek mense na maniere om voort te bestaan, om onthou te word. Lameg wou onthou word as 'n wreedaard en hy het met genoegdoening wraakgeneem. Die mense van Babel kies 'n ander weg om naam te maak: hulle bou 'n indrukwekkende stad wat tot in die hemel reik. Nog 'n man wat sonder om te blik of te bloos links en regs kan klap, is Nimrod. Die plek waar Nimrod woon, is Sinear wat sterk met geweld verbind word. Nimrod is die voorvader van geweldenaars.

God roep vir Abraham en in hom word die hele aarde geseën en Abraham kry die *naam vader van alle gelowiges.* Sedertdien maak dit 'n groot verskil of jy 'n kind van Abraham of 'n kind van Nimrod is. Die een haat sy broer en moor sonder om slaap daaroor te verloor. Die ander een is lief vir die mense om hom en vervul die wet van God. Op geen manier kan mens 'n saak uitmaak dat Abraham volmaak was nie, maar sy naam is sinoniem met God wat 'n pad met mense loop. Die Here het immers by Abraham aan huis gekuier en steeds beleef mense op verskillende plekke en maniere God se teenwoordigheid.

Aan die een kant, wil ons almal van geweet wees, om op 'n manier naam te maak, maar Johann Voges het meer as een keer vir my gesê: "Ek wil ook van geweet wees, maar wanneer ek van geweet word, weet ek nie altyd wat om daarmee te maak nie!" Om naam te probeer maak, sit waarskynlik in ons grein, maar die hoé daarvan dink ek verg goed deurdagte denke. 'n Populêre advertensie vir 'n finansiële instelling open met 'n begrafnistoneel en die lof van die afgestorwene word besing: hy het kratte vol geld gemaak en die wêreld vol gereis. Dan vertel die afgestorwene self dat hierdie eulogie ongemaklik sit. Die toneel begin van voor af met die predikant wat vertel dat die afgestorwene sy kinders geleer het om fiets te ry en vis te vang en tot aan die einde van sy lewe het hy sy elegante vrou die hof gemaak.

T-tyd: Dink na oor hoe jy sal wil naammaak.

Groete
Peet Crous (namens die Predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom.
Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Lynnwood Oord: Huis te huur (2 slaap- en 1 badkamer) skakel Amanda 083 595 0654.

Tuinwoonstel: 2 slaapkamers, semi-gemeubileerd, alles ingesluit te huur in Lynnwood. Onmiddellik beskikbaar. Navrae: Yvette van den Berg 083 452 4368.

Werkloosheidsversekering: Huis-/tuinwerkers se werkloosheidsversekering moet nou deur die *u-Filing*-sisteem gedoen word. Kontak vir Isabel Mulder 082 448 5484 of aldiemulders@telkomsa.net vir hulp met die moeitelose omskakeling na die *uFiling*-sisteem.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3de Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.